



Lêeno.: 9/5/P
Verwysing: 20220301-235

Omsendbrief: 0009/2022

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor), en alle amptenare by Hoofkantoor

Kort opsomming: *Die doel van hierdie omsendbrief is om die standaardbedryfsprosedure van die Taaldienste-eenheid bekend te stel.*

Onderwerp: Standaardbedryfsprosedure van die Taaldienste-eenheid

1. Artikel 5(1)(a) van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998), wys Afrikaans, Engels en Xhosa as die amptelike tale vir die doeleindes van provinsiale regering aan.
2. Die doel van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998) is om hierdie bepaling in die provinsiale grondwet op wetgewende wyse tot uitvoering te bring. Die Wet het bekragtig dat Afrikaans, Engels en Xhosa as die amptelike tale van die provinsie gelyke status in alle amptelike kommunikasie deur alle provinsiale regeringsdepartemente en provinsiale liggame van die staat moet geniet.
3. Die Wes-Kaapse Taalbeleid bepaal voorts dat alle amptelike kennisgewings in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, d.i. Afrikaans, Engels en Xhosa, gepubliseer moet word.
4. Dit is binne hierdie mandaat dat die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Taaldienste-eenheid (TDE) gestig is.
5. 'n Standaardbedryfsprosedure (SBP) is opgestel om die TDE in staat te stel om sy pligte doeltreffend te verrig en sy prosesse vlot te laat verloop.
6. Die doel van hierdie omsendbrief is om die TDE se SBP wat vir maklike verwysing aangeheg is en op 01 Maart 2022 in werking tree, bekend te stel.

7. Direkteure by Hoofkantoor word vriendelik versoek om die aangehegte SBP van die TDE onder die aandag van alle amptenare te bring.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2022-03-01